DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

7 Junie 2020

Lees: Psalm 33
Teks: Vers 18
Tema: Die Here sorg vir my

Psalm 33 is een van die min Psalms wat nie ‘n opskrif het nie. Die lied roep al die nasies van die wêreld op om God te loof. Psalm 33 is ‘n lied oor vertroue. Kyk om jou rond en sien die Here se troue liefde in die skepping – van die kleinste veldblom tot die hoogste berge. Die skepping en die geskiedenis verkondig dat die Here sorg vir die wat Hom vertrou.

Ons lees in Psalm 33 verse 4, 6 en 9 die volgende: “Wat die Here sê, gebeur, alles wat Hy doen staan vas. Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame, want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar”.

God se woorde is lewendig en kragtig. Ons antwoord daarop met dankwoorde en ‘n lewe van lof. Israel loof die Here vir wie Hy is. In Sy teenwoordigheid sing hulle ‘n nuwe lied. Die lied is in 3 dele:

* Oproep om God te loof – verse 1-3
* Sake waarvoor God geloof kan word – verse 4 – 19
  (Sy Woord 4-9; Sy planne 10 – 12; Sy Oë wat alles sien 13 – 15; Sy mag wat hulp verleen 16 – 19)
* Getuienis en gebed – verse 20 – 22

Verse 4 – 19 gee ons ‘n baie duidelike skema wat ‘n mens in jou lof aan God kan gebruik: * loof Hom vir Sy Woord * loof Hom vir sy Raadsplan * Loof Hom wat alles sien en weet * Loof hom dat Hy die mag het om iets te doen aan dit wat Hy sien!

Kyk ook hoe God se wese en werk in die Psalm as basis vir die vertroue beskryf word: * God is betroubaar in Sy verbondsliefde – alles staan vas wat Hy daar stel - 4. * God is onderhoudend besig met alles op aarde – ook tydens hierdie pandemie wat ons nou ondervind – 6 - 9. * God is doelgerig besig om van geslag tot geslag te werk om Sy ewige doel met alles te bereik – 10 – 12. * God sorg vir almal wat hulle hoop in nood en hongersnood op Hom stel – 18 – 19.

Niemand het geweet wat op ons wag toe die grendeltyd angekondig is nie. Al wat ons weet is dat Jahwe – die troue Verbondsgod – die pandemie toelaat en ook in Sy diens gebruik tot ons voordeel. Die Here op die troon bestuur die geskiedenis van die skepping. Hy hou alles in Sy Almagtige, Soewereine hande vas. Die Heilige Gees as ons Trooster en versterker werk die sekerheid van die Godsregering in ons harte en gedagtes.

Of die storms woed en of die son skyn, of dit voorspoedig gaan en of ons teëspoed verduur, Hy sorg vir ons as Sy kinders (HK Sondag 9 en 10). In Jesus Christus is Hy ons lewensredder. Die Here het vir ons ‘n ewige bestemming gegee. Met God aan ons kant is ons altyd aan die wenkant. Mense kan baie dinge probeer beplan, maar God laat gebeur. Nasies kan opruk en dink dat hulle doelwitte sal gebeur, maar die Here besluit wat die beste vir Sy kerk hier op aarde is, en dit sal gebeur. Oënskynlik kan dit lyk asof die Bose oorwin, maar lees weer die slotverse: “Ja, in Hom is ons hart bly, op Sy heilige Naam vertrou ons (21). Hou u liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertroue in U”.

Mag dit ons voortdurende gebed wees en die Here dank dat ons vir tyd en ewigheid aan Hom behoort. Vind jou vreugde elke dag in die Here. Die Here versorg ons. Prys Sy heilige naam.

## OMGEWINGSPITKOS

Die woordjie LIG kom dwarsdeur die Bybel voor in sy natuurlike en geestelike gebruik. Want na die sondeval in die paradys se verskriklike donkerte oor God se skepping in die vorm van ‘n vervreemding van God, het die skitterglans van God se heerlikheid die duisternis (sonde en satan se versinnebeelding) se onsekerheid verdryf.  Soos wat sonlig lewe op aarde onderhou, so is God die Lewe. Menige profesie  (Joël 2:31, Sag 14:6, Mat 24:29-30, Openb 21:23) oor die natuurlike ligte (son, maan en sterre), sinspeel op die vernietigende oordeel van God by die eindtyd op hierdie aarde. Dit terwyl die verbondsreënboog behoue bly rondom die troon  van God (Openb 4:3) in ‘n bestaan waar ons uit God en deur God sal lewe.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid dat ons leerders, ouers en onderwysers sterk sal staan in die tyd van ontwrigting. Baie seën vir almal wat die onderrig aanlyn moet doen. Dit is 'n uitdaging vir almal. Vasbyt en doen julle bes, julle sal die vrugte pluk.
* Ons bid vir almal wat hulle werk verloor het gedurende die pandemie en die staat van inperking en wat bekommerd is oor die toekoms. Ons bede is dat die Here ons gebede sal verhoor en krag na kruis sal gee en ook die uitkoms op die regte tyd.
* Ons bid vir almal wat worstel met siekte en wat emosioneel onder die inperking ly.
* Baie dankie vir u bydraes aan die Diakonie om hulle versorgingswerk te bly doen.
* Ons plaas die skrywe van die Kerkraad rakende die besluite rondom eredienste in vandag se Basuin.
* Ds Sarel sal die klankgrepe bly maak en vir almal op sy lys uitstuur. Indien u van iemand weet wat nie op die lys is nie en dit graag wil ontvang, kan u 'n WhattsApp stuur met die nr en naam van die lidmaat. Daar sal ook klankgrepe van die eredienste wees en wat uitgestuur sal word.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSURG

**H/V Erasmus & McDonaldstraat**
**Posbus 100**
**Faunapark**
**0787**

**Tel:** **015 – 296 0054**
**Faks:** **086 293 4674**
**Epos:** **admin@gereformeerd.co.za**
**Webwerf:** **www.gereformeerd.co.za**

Die Kerkraad het Woensdagaand 3 Junie 2020 vergader en is baie ywerig dat die gemeente weer saam kom om God te aanbid. Vlak 3 van die inperking laat eredienste weer toe, maar daar is 'n protokol wat die regering stel om die verspreiding van die virus te beperk. In die lig van die perke en eise van die regering en die voortgaande pandemie het die Kerkraad die volgende besluite geneem:

1. Ons sal nie op Sondag 7 Junie ons eerste erediens hê nie, maar ons begin op Sondag 14 Junie.
2. Twee eredienste sal gehou word: eerste diens om 9:00 en die tweede diens om 11:00.
3. Almal word versoek om <u>reeds</u> 8:30 en 10:30 aan te meld aangesien daar streng prosedures is wat nagekom moet word en ook vorms wat ingevul moet word.
4. Volgens die protokol van die staat mag ons maksimum 50 mense in die kerkgebou ontvang. Om te verseker dat ons minder as 50 op 'n slag is, word u versoek om Nantes by die kerkkantoor op Maandag- of Woensdagoggend tussen 09:00 en 12:00 te skakel om u plek in die erediens te bespreek. Kontak hom by die kantoor

5. U sal van hom bevestiging kry vir watter erediens u toegedeel word en moontlik eers die volgende Son dag 'n diens kan bywoon. Omdat ons beperk is tot 50 persone wil die Kerkraad oor 4 "dienste" (2 Sondae) die geleentheid gee vir die lidmate wat aan die protokol beantwoord. Daar mag ook nie tydens die dienste gesing word nie.

6. 'n Kommissie om die voorbereidings te doen is aangewys: Cassie Carstens, Gary Carlisle, Nantes Kotze en Daleen Coetsee. Indien u vrywillig buite die kerkgebou wil help, moet u asb met Nantes reël. Die erediens sal ook opgeneem word in 'n audio formaat en versprei word op die wyse van die afgelope weke – soos die klankgreep. Indien u dit nie ontvang nie, moet u asb vir ds Sarel 'n WhatsApp stuur met u naam daarby, sodat u by die lys gevoeg kan word.

7. Die erediens sal ook opgeneem word in 'n audio formaat en versprei word op die wyse van die af gelope weke – soos die klankgreep. Indien u dit nie ontvang nie, moet u asb vir ds Sarel 'n WhatsApp stuur met u naam daarby, sodat u by die lys ge voeg kan word.

8. Elke persoon wat die erediens bywoon moet ten alle tye 'n masker dra. Daar kan geen uitsonderings wees nie. Reeds by die hek sal u temperatuur geneem word. Almal moet hulle hande ontsmet by die deur en 'n sosiale afstand van 1.5m te alle tye handhaaf. Geen sosialisering mag op die kerkterrein plaasvind nie. Elke persoon moet by die deur vrae oor hulle gesondheid beantwoord om die gebou te mag betree. Indien u positief antwoord of een van die gelysde simptome, sal u ongelukkig nie toegelaat word nie: Koors, hoes, seer keel, kort van asem, moeilik asemhaal, seer lyf, smaak of reuk verlies, naarheid, maagwerk, moegheid of liggaamlike swakheid. Indien jy enige van die Covid19 simptome tydens die erediens begin ervaar, moet jy onmiddelik 'n Kerkraadslid in kennis stel en die lokaal verlaat.

9. Die Kerkraad moet verskeie veiligheidsmaatreëls instel om almal in die erediens teen infeksie te beskerm, maar dit bly jou eie verantwoordelikheid om te besluit of jy fisies die erediens kan bywoon al dan nie.

10. Persone ouer as 60 asook enige persone wat ‘n ernstige onderliggende mediese toestand het, word aangeraai om eerder nie die eredienste nou by te woon nie. Diabetes en Hipertensie is van die onderliggende siektes wat die meeste onder ouer lidmate voorkom. Indien u dit onderlede het, word u sterk aangeraai om nie na die erediens te kom nie. Ook nie as u sedert Januarie 2020 ‘n operasie ondergaan het, of behandeling vir kanker in enige vorm ontvang het nie. Ons beveel ook aan dat persone wat in dieselfde huis woon as persone wat bogenoemde siektes onderlede het of in die toestand verkeeer, om nie die dienste by te woon nie.

11. Kinders onder 10 en wat nie op ‘n afsonderlike stoel stil kan sit en die sosiale afstand van 1.5m kan handhaaf nie, word versoek om nie na die erediens te kom nie, maar dat ouers beurte maak om te kom. Vra dat Nantes u dan so indeel by twee aparte dienste.

12. Die huidige regulasies laat ons nie toe om die Nagmaal op ‘n Skriftuurlike wyse te vier nie. Daarom sal ons nie die Nagmaal vier totdat die omstandighede verander het nie.

13. Indien die protokol verander, sal die kerkraad hulleself vergewis van die inhoud en dit aan u kommunikeer.

Psalm 122:1: "‘n Bedevaartslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan!"

Namens die Kerkraad vra ons almal se voorbidding om in die tyd die beste besluite te neem.

Indien u besondere behoefte het aan persoonlike kontak, skakel vir ds Sarel vir ‘n telefoniese gesprek. Die predikant het ‘n permit nodig om persoonlike besoeke te doen.

…………………………………… ……………………………

Ds Sarel Venter Sr Alta Theron

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| So 7 Jun | Carmi de Witt<br>Braam schutte<br>Chris vd Walt | D<br>B<br>B | 084 513 8300<br>083 750 7787<br>082 822 6328 |
| Ma 8 Jun | Charlotte Groenewalt | B | 074 190 9956 |
| Di 9 Jun | Lacya Grobler<br>Jeandre Nel | B<br>D | 082 695 1390<br>083 739 6152 |
| Do 11 Jun | Chandré Olivier | A | 074 480 4466 |
| Sa 13 Jun | Lene Potgieter | B | 073 001 2904 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 8 Junie 2019 | Peet en Leoné<br>Oosthuizen | 1 | 073 057 0870<br>083 779 5395 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou.

Pslam 33 : 18

